4 Junie 2017

09:00 Reformasie 500 reeks-erediens – Doop

Immanuel van Tonder

Eer aan God alleen

Danelo de Kock (kind van Cornelia en Danelo) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Almal welkom!

09:30 Lynnwood oord Pinksterdiens – Handelinge

Ockie Raubenheimer

Die Gees gee ons vlerke vir God se plan Hand 1

18:00 Pinksterdiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Ockie Raubenheimer

Die Gees gee ons vlerke vir God se plan Hand 1

11 Junie 2017

09:00 Erediens – Nagmaal

Jeanri Bezuidenhout

09:00 Kleuterkerk!

Kwartaal-afsluiting.

18:00 Aanddiens – Nagmaal

Fay van Eeden

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

reformasie

Die aanvangsdatum vir die protestanse Reformasie is 31 Oktober 1517. Dit is die datum waarop Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die Kasteelkerk in Wittenberg vasgespyker het. Dit is dus vanjaar 500 jaar gelede wat hierdie gebeurtenis plaasgevind het. Dit word dan ook vanjaar ooral in die Protestanse wêreld gedenk. Die Reformasie 500 reeks kom vanoggend tot 'n einde met tema: *Die Eer aan God alleen*. Kom vier saam met die gemeente hierdie belangrike deel van ons geloofserfenis!

Pinkster 2017

4 tot 8 Junie

gelei deur

Dr Ockie Raubenheimer

DIE GEES GEE ONS VLERKE (HANDELINGE)

Elke dag om 09:30 by Lynnwood Oord
en 18:00 in die kerk.

4 Junie: Vlerke vir God se plan (Hand 1).

5 Junie: Vlerke vir Gister, Vandag en Môre (Hand 2).

6 Junie: Vlerke om oor grense te gaan (Hand 10).

7 Junie: Vlerke om my geloof te verstaan en te leef (Hand 17).

8 Junie: Vlerke om aan te hou vlieg (Hand 20).

Kom geniet 'n koppie sop saam na die aanddiens.

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n **Pinkstertee** na die diens in Koinonia.
Baie dankie aan al die dames wat eetgoed vir die tee voorsien het. U meelewing word opreg waardeer.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord) **Pinksterdiens** 18:00 (Kerk)
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Fay van Eeden kom kuier. **Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord) **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Pinksterdiens** 18:00 (Kerk) **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 060 539 8724. **Belydenisklas mentors terugvoersessie** 19:00 - 20:00 (A21)– Fay van Eeden 083 478 0854.
Woensdag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord) **Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe begin** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212. **Pinksterdiens** 18:00 (Kerk) **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Pinksterdiens** 09:30 (Lynnwood Oord) **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Pinksterdiens** 18:00 (Kerk) **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Ernes en Jeanine Smit, Bouvardialaan 77, Lynnwoodrif, 082 686 9319.

Belydenisklas mentors word herinner aan die kwartaalikse terugvoersessie wat op Dinsdag 6 Junie 2017 vanaf 19:00 tot 20:00 in die jeugsentrum (A21) plaasvind. Kry gerus na die Pinksterdiens 'n koppie sop in Koinonia en kom gesels saam.

Baie sterkte aan al die skoliere en studente wat in die volgende paar weke met eksamens gaan besig wees.

Senior kategese ouers: Laaste senior kategese geleentheid vir die kwartaal agv eksamens. Moedig asseblief u kind aan om die aanddiens en pelgrimsgroep (kleingroep) by te woon.

Jakaranda Kinderhuis 6 benodig hulp vir die volgende behoeftes :

1. Liefde, omgee en gebed.
2. Naweek- of vakansie-ouers vir 3 seuns van 8, 9 en 11 jaar.
3. Klere (ook ou swemklere), tekkies en skoene vir seuns 8 – 17 jaar.
4. Hulp met huiswerk Woensdae middae vanaf 14:00, asook stimulerende aktiwiteite.
5. Ons 1 vissie in die vistenk soek maatjies. . . hy is eensaam. . .
6. Rusbanke. Die 3 rusbanke met totaal 12 sitplekke moet opgeknap word, die vulling is gedaan. Indien u verhuis en moontlik groot ou meubels wil skenk?
7. Koffiestalletjie – Desember:
   - Volle verantwoordelikheid en voorbereiding vir 1ste 2 weke.
   - Hulp.

Baie dankie – u ondersteuning word opreg waardeer!

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb. u Voorletters en Van as verwysing) of *SnapScan.*

Snap here to pay

SnapScan

Die Kontak van dié week: Luther oor musiek en bier

Musiek is so oud soos die mens self. Ons en ons voorgeslagte het graag gesing en musiek gemaak.

By die inwyding van die tempel van Salomo in 2 Kron 5 word vertel van 'n groot plegtigheid waar musiek 'n groot rol gespeel het. Daar was Levitiese dansers, simbale, harpe, siters en 120 priesters wat op trompette geblaas het, saam met sangers wat die Here geprys het.

Die pragtige liedboek van Israel, die Psalms vertel van liedere en melodieë wat gebruik is om God se Naam te besing. Blaai gerus deur die psalms en lees die name van die melodieë wat gebruik is vir die Psalms soos "Wildsbok van die daeraad", "Jong vroue" en "Moet dit nie breek nie". Baie psalms is getoonset op dieselfde melodie van die lied "Lelies".

Klaagliedere vertel van 'n ander vorm van sang waarin die volk hulle seer en swaar uitsing.

Natuurlik is daar ook nog die lied van die liefde, die lied van alle liedere: Hooglied! (Song of Songs) Hierin word gesing van die wonder van die liefde tussen man en vrou. Daar word onder andere gesing: "Eet vriende, drink en word dronk van die liefde!" (Hooglied 5:1)

Met die koms van Jesus in die krip is gesing, die dissipels het in die bovertrek gesing en daar word in Openbaring gereeld gesing.

In 1530 het Luther oor musiek die volgende gesê*:* ***"Ek het musiek lief. Ek kan dwepers wat nie van musiek hou nie, nie verdra nie – want musiek is 'n gawe van God. Musiek verdryf die duiwel en maak mense opgewek en vrolik. Hulle vergeet van hulle woede, hulle losbandigheid en hulle arrogansie. Na die teologie, gee ek aan musiek die eerste plek."***

Calvyn was baie bang dat musiek die fokus op die Woord en die verkondiging sou benadeel. Hy het streng reëls gehad vir musiek in die erediens: Net berymings van Psalms word gesing. Melodieë moet sober wees. Geen koor of meerstemmige sang nie. Geen instrumente: selfs nie 'n orrel nie.

Luther sê egter dat daar 'n sterk verband is tussen die Evangelie en musiek. Die Evangelie was self vol sang en spel. Geloof wil sing en musiek kan selfs geloof wek! Hy het selfs gesê: As iemand nie van die Evangelie wil sing nie, is dit 'n teken dat hy nie in die Evangelie glo nie. So 'n persoon sit nog vas in die ou verbond en het nog nie tuisgekom in die vrolike nuwe verbond nie!

Martin Luther het soms baie depressief geraak oor die moeilikhede wat met die reformasie gepaard gegaan het. In een van daardie donker tye van hom, waar hy met niks en niemand iets te doen wou hê nie, loop sy vrou, Katherina, rond in swart klere. Hy vra toe vir haar: "Wie is dood?". "God is dood, Martin" antwoord sy. Hy bars toe net daar uit: "Dis godslasterlik. Hoe durf jy so praat?!" Toe antwoord die wyse Katherina: "Maar Martin, jy leef asof Hy dood is." Hy het net daar opgestaan en een van die groot kerkgesange geskryf "*'n Vaste burg is ons God*".

Guodo ontwikkel die toonleer van *do, re, me, fa, so, la, ti, do* na aanleiding van 'n lied oor Johannes die Doper (van Paulus Dianonus) wat telkens een trap hoër is op die toonleer. Die name kom van die eerste letters van die lied af!

Ons fokus Sondag op die tema: *Soli Deo Gloria*! (Aan God alleen die Eer) Musiek en sang is by uitnemendheid 'n manier om die eer aan God alleen te gee.

Vir almal wat dié kontak gelees het om net te hoor wat Luther oor bier geskryf het, hier is dit nou. Volgens legende was Luther vreeslik lief vir Duitse bier. Luther het na bewering blykbaar altyd gesê: "*Wie ook al baie bier drink, raak vinnig aan die slaap. Wie ook al slaap, doen geen sonde nie. Wie ook al nie sonde doen nie, gaan hemel toe! Daarom, laat ons meer bier drink…*".

Wat ons ook al doen, laat ons dit doen tot eer van God!

Immanuel van Tonder *(namens die Predikantespan)*

Lees gerus in die Kontak e-pos of webblad www.nglynnwood.co.za

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Langnaweek 16 (Jeugdag) tot 18 Junie 2017. Skole sluit 30 Junie 2017.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 4790.

Lynnwoorde: Die Lynnwoorde is ons kerkblad vir en van almal in die gemeente. Stuur asseblief 'n artikel oor enige interessante en/of belangrike gebeure in die gemeente vir die redaktrise by rykie.snyman@telkomsa.net sowel as aan die kerkkantoor by kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Alle bydraes word redigeer voor plasing in die blad en u hoef dus nie bekommerd te wees oor enige taalfoute nie. Kontak ook gerus die kerkkantoor indien u belangstel om in Lynnwoorde te adverteer.

Harmonie Oord Tuiste vir Bejaardes | "Skuiling in die stad": Veilige hawe vir serlfversorgende ouer persone. Ontbyt en middagete word verskaf. Enkel en dubbel kamers is beskikbaar. Gemeenskaplike waskamer waar inwoners self hul wasgoed kan was, 'n speletjiesvertrek, biblioteek, dienskombuise en aktiwiteite. 'n Bussie om inwoners te vervoer. Navrae: 012 440 3137 adminho@harmoniepark.co.za (www.harmoniepark.co.za).

Flaurana Senior Sorg: 24 uur mediese versorging, dagsorg, korttermyn vakansie sorg en veilige, liefdevolle omgewing. Navrae: 083 227 3370 of floraunaseniorsorg@outlook.com.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.